

Preekvoorligting Sondag 2 Junie 2019

Skriflesing: Numeri 14: 1 – 10

Teksverse: Numeri 14: 8, 9

Tema: Glo in God, Hy voer die stryd.

Die gebeure wat in Numeri 14 verhaal word kan sekerlik as een van dié laagtepunte in Israel se geskiedenis tydens hulle woestynreis beskryf word. Hier word verhaal hulle staan op die grens van die beloofde land Kanaän, maar sou dit nie binnegaan nie. Hieroor onder twee hoofpunte:

1. Sonder God – die lewenstryd ’n verskrikking

Die einde van Israel se woestynreis het aangebreek en gevolglik beveel die Here Moses om 12 manne die beloofde land in te stuur om dit te verken. Tien manne keer terug met ’n ontstellende boodskap. Hulle beweer dat hierdie land nie deur die Israeliete ingeneem sou kon word nie vanweë die versterkte stede en reuse in die land. Twee van die 12 het egter ’n ander boodskap. Hulle sê aan Moses dat hulle wel die land sal kan inneem. Die orige 10 manne het egter by hulle standpunt gebly en slegte gerugte onder die volk versprei oor die sg. oninneembaarheid van die land. Daar was groot ontevredenheid by die volk. Hulle rebelleer en kom in opstand teen Moses en Aäron. Die volk wens hulle het eerder in Egipte of die woestyn gesterf. Hieruit duidelik – die stryd waartoe die volk deur God hier geroep is naamlik om die beloofde land binne te val, sien hulle nie voor kans nie. Hierdie stryd is vir hulle ’n verskrikking. Hulle vrees wat met hulle sou gebeur indien hulle dit wel sou doen. Vrees – ’n duidelik simptoom van die eintlike probleem nl. ongeloof. Volgens Israel is dit nie hulle en hulle Here wat op die punt staan om hierdie land in te gaan nie, maar hulle alleen en daarvoor sien hulle nie kans nie. Maar daar is tog troos en bemoediging in die openbaring van Numeri 14 en dit bring.

2. Met God – die lewenstryd ’n oorwinning

Josua en Kaleb tree na vore met ’n dringende boodskap tot die hele vergadering van Israel – verse 7 tot 9. Uit hierdie woorde is duidelik – hulle wil die land ingaan. Die versterkte stede en reuse skrik hulle nie af nie – hulle pak die saak in die geloof aan. Die rede vir hulle sterk geloof? Hulle sê as die Here ’n welbehag in hulle het, Hy hulle in die land sal inbring en dit aan hulle gee. Verder sê hulle: “wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys”. Hulle hoef nie so in ongeloof gedompel te wees nie, want hierdie volke in die beloofde land is hulle “spys” of anders vertaal “hulle brood”, gereed om “opgeëet te word”. ’n Verdere rede waarom die volk nie hoef te vrees nie, is dat die beskutting van die volke in die land Kanaän het van hulle gewyk – hulle is nou ’n blootgestelde teiken. Nou hoe is dit dat Josua en Kaleb hierdie woorde deur die werking van die HG aan die volk van Israel kon rig? Die rede hiervoor – vers 9: “die HERE is met ons”. Hieruit duidelik – God voer die stryd, God het hulle gebring tot hier voor Kanaän en Hy sou hulle daarin inlei. Die saak vir hulle was net geloof en dan geloof in God, want Hy voer die stryd.

Slotopmerking

Die openbaring hier duidelik: Met God is die stryd ’n oorwinning, want God voer die stryd, maar sonder God is die stryd ’n verskrikking. Daarom bly vir ons alleen oor:

Glo in God, Hy voer die stryd.